Oordenking
12 Mei 2010

Wat bedoel ons as ons sê "Jesus het opgevaar na die hemel"?

Ons glo dat Jesus Christus, wat vir ons gekruisig, gesterwe en begrawe is, se liggaam nie vergaan het nie, maar op die derde dag weer opgewek is. Deur sy opstanding ontvang ons 'n nuwe lewe, met die wonderlike belofte dat ons ook uit die dood sal opstaan.
Hy het in dieselfde liggaam waarin Hy uit die dood opgestaan het, opgevaar na die hemel, waar Hy, as ons Hoëpriester, voortdurend vir ons intree waar Hy beklee met mag as Heer oor alles en Koning van die Kerk, aan 'die regterhand van God sit'.

Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons?
Eerstens dat Hy in die hemel ons Voorspraak by die Vader is. Tweedens dat sy menslike liggaam in die hemel vir ons 'n betroubare waarborg is dat Hy ook vir ons wat Hom dien na Hom toe sal neem. Derdens dat Hy sy Gees na ons toe stuur, deur wie se krag ons nou lewe vir alles wat aan God behoort, daar waar Christus is.

Watter troos is vir ons daarin dat ons glo dat Hy aan die regterhand van die Vader sit?
Christus het opgevaar na die hemel om daar in heerlikheid oor ons te regeer as die Hoof van die Kerk, sodat deur Hom, die Vader alle dinge regeer. Jesus, ons Verlosser, is waardig om ons aanbidding en liefde te ontvang, want Hy wat vir ons sonde gesterf het, is deur sy Vader 'n almagtige Koning gemaak. As Koning beskerm Hy ons, regeer oor ons en lei ons elke dag van ons lewens, totdat Hy weer kom om ons te kom haal om vir ewig by Hom te wees.

Waarom vier ons Hemelvaartsdag?
Op dieselfde wyse dat sy geboorte, lyding, dood en opstanding deel vorm van sy Verlossingsplan vir ons, het ook sy Hemelvaart ter wille van ons gebeur. As die lydende Lam van God nie ook gekroon is as Here oor alles en almal nie, kon Hy nie vir ons optree en intree as hemelse Koning nie en sou ons nie verwag het dat Hy na ons toe sou terugkeer om sy finale, volmaakte koninkryk vir ewig tot stand te bring nie.

Ons vier dus fees op die herdenking van sy Hemelvaart, want is ons is baie bly oor hierdie waarheid, dat ons Heer en Verlosser in die hemel met eer en baie heerlikheid ontvang is. Ons vier fees omdat Hy tot Koning gekroon is, vereer, geloof en geprys word in die hemel en oor ons waak en regeer ter wille van ons Verlossing.

Jesus Christus is nie meer 'n baba in 'n krip, of 'n profeet of 'n sterwende man aan 'n kruis nie. Hy is die lewende, magtige, aanbiddelike Messias aan wie alle mag in die hemel en op die aarde gegee is.

Sy eerste verhoging was toe Hy aan die kruis tussen hemel en aarde moes hang op Golgota. Hy is dus nie net 'n Koning omdat Hy almagtig is nie, maar veral en essensieel omdat Hy duur betaal het vir elkeen wat Hom aanbid. Sy tweede verhoging was toe Hy in die hemel met alle heerlikheid sy troon bestyg het om ons te kan beskerm, lei en leer. Daar regeer Hy majestueus, totdat Hy weer kom om die ewige Koninkryk van vrede vir ewig in die hemel en op die aarde te vestig!
Dankie, wonderbare Here! Ons aanbid U! Ons dank U vir alles wat U vir ons doen.
Ons staan verwonderd voor U heiligheid en majesteit!

Christus Jesus, groot en magtig!
Ewig heers U op die troon.
Loof die Here, ewig, kragtig,
Hy's met lof en eer gekroon!
Prys die Here, Hy skenk lewe,
Hy wat heerlik' lig bewoon!
Loof die Koning, Hy vergewe,
prys sy Naam so wonderskoon.